INLIGTINGVERSKAFFINGS-HANDLEIDING

2016-2017

Gepubliseer i.t.v. die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting No. 2 van 2000

SAKO: INLIGTINGVOORSIENINGSHANDLEIDING

Inhoudsopgawe

A. Funksies en struktuur van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) [Afdeling 14(1)(a)]..... 3

B. Kontakbesonderhede [Afdeling 14(1) (b)]..... 5

C. Die Afdeling 10-gids [Afdeling 14(1)(c)]..... 6

D. Toegang tot die rekords bewaar deur WBTI [Afdeling 14(1)(d)] 6

E. Dienste beskikbaar en hoe om toegang daartoe te verkry..... 9

F. Rangskikking wat voorsiening maak vir openbare betrokkenheid in die formulering van beleid en beoefening van mag [Afdeling 14(1)(g)]..... 10

G. Regsmiddele beskikbaar indien daar nie aan die voorsienings van die *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting* voldoen word nie [Afdeling 14(1)(h)]..... 10

A. Funksies en struktuur van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO/*SAQA*) [Afdeling 14(1)(a)]

(I) SAKO se funksies in terme van die NKR Wet no. 67 van 2008

SAKO moet, ten einde die doelwitte van die NKR te bevorder:

(a) sy funksies uitvoer onderhewig aan hierdie Wet; en toesig hou oor die implementering van die NKR om te verseker dat sy doelwitte behaal word;

(b) die Minister van H;

(c) voldoen aan beleid bepaal deur die Minister i.t.v. afdeling 8(2)(b);

(d) rekening hou met die Minister se riglyne soos beoog in afdeling 8(2)(c);

(e) toesig hou oor die implementering van die NKR in ooreenstemming met 'n implementeringsraamwerk voorberei deur die SAKO ná konsultasie met die KR'e;

(f) 'n stelsel van samewerking ontwikkel om die onderlinge verhoudings van SAKO en die KR'e te bestuur, ná konsultasie met die KR'e en met inagneming van die doelwitte van SAKO soos beoog in afdeling 11 en die regulasies beoog in afdeling 33; en om dispute rakende die KR'e op te los;

(g) met betrekking tot vlakke—

(i) die inhoud ontwikkel van vlakbeskrywings vir elke vlak van die NKR;

(ii) en ooreenstemming bereik oor die inhoud met die KR'e;

(iii) die ooreengekome vlakbeskrywings in die Staatskoerant publiseer; en

(iv) seker maak dat hulle op datum en van toepassing bly;

(h) met betrekking tot kwalifikasies—

(i) beleid en kriteria implementeer en ontwikkel, ná beraadslaging met die KR'e, vir die ontwikkeling, registrasie en publikasie van kwalifikasies en gedeeltelike kwalifikasies, wat die volgende vereistes moet insluit:

(a) Die relevante sub-raamwerk moet geïdentifiseer word op enige dokument wat verband hou met die registrasie en publikasie van 'n kwalifikasie of gedeeltelike kwalifikasie; en

(b) elke subraamwerk moet 'n duidelike terminologie hê vir sy soort kwalifikasies wat geskik is vir relevante subraamwerk in ooreenstemming met internasionale praktyk;

(ii) 'n kwalifikasie of gedeeltelike kwalifikasie soos aanbeveel deur 'n KR registreer, indien dit aan die relevante kriteria voldoen;

(iii) beleid en kriteria ontwikkel ná konsultasie met die KR'e, vir assessering, erkenning van voorafgaande leer en kredietophoping en -oordrag;

(i) met betrekking tot professionele liggame—

(i) beleid en kriteria ontwikkel en implementeer vir erkenning van ‘n professionele liggaam en registrasie van ‘n professionele benoeming vir die doel van hierdie Wet, ná konsultasie met statutêre en nie-statutêre liggame van bekwame praktisyns in beroepsvelde en met die KR’e; en

(ii) erkenning gee aan ‘n professionele liggaam en sy professionele aanbeveling registreer indien voldoen is aan die kriteria wat in subparagraaf (i) oorweeg is;

(j) met betrekking tot internasionale verhoudinge—

(i) saamwerk met sy internasionale ampsgenote oor alle sake van gemeenskaplike belang aangaande kwalifikasieraamwerke; en

(ii) die KR’e en ander belanghebbende partye inlig aangaande internasionale praktyk in die ontwikkeling en bestuur van kwalifikasieraamwerke;

(k) met betrekking tot navorsing—

(i) ondersoeke lei of opdrag gee vir ondersoeke oor sake van belang vir die ontwikkeling en implementering van die NKR, insluitend periodieke studies oor die impak van die NKR op Suid-Afrikaanse onderwys, opleiding en werksgeleenthede; en

(ii) die bevindings publiseer van die ondersoeke waarna verwys word in die subparagraaf;

(l) met betrekking tot rekords van onderwys en opleiding, ‘n nasionale leerders-rekordbasis handhaaf wat bestaan uit registers van nasionale kwalifikasies, gedeeltelike kwalifikasies, leerderprestasies, erkende professionele liggame, professionele benoemings en verwante inligting;

(m) met betrekking tot buitelandse kwalifikasies, ‘n evaluasie- en adviesdiens verskaf in ooreenstemming met hierdie Wet; en

(n) met betrekking tot ander sake—

(i) die publiek inlig aangaande die NKR;

(ii) enige ander funksie wat deur hierdie Wet vereis word uitvoer; en

(iii) enige funksie uitvoer in ooreenstemming met hierdie Wet wat deur die Minister bepaal word.

Die SAKO moet, op of voor 30 Junie van elke jaar, ‘n jaarlikse verslag aan die Minister voorlê wat die finansiële state en ouditverslae insluit.

(II) Die struktuur van SAKO

Wat is die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid?

Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) is ‘n regspersoon – dit is ‘n entiteit wat deur die wet ‘n regspersoonlikheid gegee word. Die Raad van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-

owerheid is ‘n liggaam van 12 lede wat deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding aangestel word. Die lede word genomineer deur geïdentifiseerde nasionale belanghebbers in onderwys en opleiding.

SAKO se rol is om:

- die doelwitte van die NKR te bevorder;
- toesig te hou oor die verdere ontwikkeling van die NKR; en
- die subraamwerke te koördineer.

SAKO het die volgende lewerbare bates:

- die registreer van kwalifikasies en gedeeltelike kwalifikasies;
- die saamwerk met internasionale ampsgenote oor alle sake van gemeenskaplike belang rakende die NKR;
- die lei of gee opdrag van ondersoeke oor sake wat belangrik is vir die ontwikkeling en implementering van die NKR;
- die handhawing van die Nasionale Leerderrekords se Databasis bestaande uit registers van nasionale kwalifikasies, gedeeltelike kwalifikasies, leerdersprestasies,
- erkenning van professionele liggame,
- registreer van professionele benoemings;
- die verskaffing van ‘n evaluerings- en adviesdiens van buitelandse kwalifikasies; en
- die verskaffing van ‘n NKR Adviesdiens.

B. Kontakdetails [Afdeling 14(1) (b)]

Die Inligtingsbeampte by SAKO is die Hoof Uitvoerende Beampte en die Adjunkbeamptes is:

Direkteur: Advokatuur, Kommunikasie en Ondersteuning (AKO/*ACS*)

Direkteur: Nasionale Leerderrekord-databasis

Fisiese adres: SAKO Huis

1067 Arcadiastraat 1067

Hatfield

0083

Posadres: Postnet Kantore 248

Privaatsak X06

WATERKLOOF

0145

Telefoon: (012) 431-5000

Faks: (012) 431-5147

E-pos: saqainfo@saqa.org.za

Webtuiste: http://www.saqa.org.za

C. Die afdeling 10 Gids [Afdeling 14(1)(c)]

Die gids sal beskikbaar wees by die SAKO-kantore (sien afdeling B van ons kontakbesonderhede hierbo) of in plekke soos voorgeskryf deur die Wet op Pliglewering, asook by die kantore van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, soos hieronder aangedui:

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie:

WBTI-eenheid (Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting)

Die Navorsings- en Dokumentasiedepartement

Posadres: Privaatsak 2700

Houghton

2041

Telefoon: (011) 877 3750

Faks: (011) 403 0668

Webtuiste: www.sahrc.org.za

E-pos: PAIA@sahrc.org.za

D. Toegang tot die rekords bewaar deur WBTI [Afdeling 14(1)(d)]

(III) Outomatiese openbaarmakings [Afdeling 14(1)(e)]

Lede van die publiek kan toegang verkry tot die rekords wat hieronder gelys word sonder om ‘n versoek vir ‘n inligtingsvorm wat in die Staatskoerant gedruk word, te voltooi [Regeringsaankondiging R187- 15 Februarie 2002] (Vorm A).

Let daarop dat sommige WBTI-publikasies verkoop word om produksiekostes te dek, en aansoekers sal op navraag verwittig word van kostes, indien van toepassing.

Dit is onwettig vir die aansoeker om WBTI-materiaal vir wins te verkoop. Indien die materiaal gereproduseer of aangehaal word, moet WBTI as die bron erken word.

Onderwerp: Algemene publikasies

Kategorieë:

- Wetgewing
- Jaarverslae
- Gepubliseerde verslae
- SAKO-opgraderings
- SAKO-bulletins
- Beleidstukke

- Publikasies
- Dokumente aangebied by werkswinkels/konferensies, en ander.

Onderwerp: Registrasie en Erkenning

Kategorieë:

- Kriteria en riglyndokumente
- Beleidsdokumente
- Staatskoerant-aankondigings
- Geregistreerde kwalifikasies en gedeeltelike kwalifikasies

Onderwerp: Nasionale Leerdersrekords-databasis (NLRD)

Kategorieë:

- Name van lede van die SAKO-raad
- Geakkrediteerde Assesseringsgehaltevennote en die name van hul bestuurders
- Geakkrediteerde Onderwys- en Opleidingverskaffers
- Alle kwalifikasies en eenheidstandaarde
- Geregistreerde kwalifikasie- en eenheidstandaarde
- Kwalifikasie- en eenheidstandaarde wat verby hulle registrasie-einddatum beweeg het
- Kwalifikasies en gedeeltelike kwalifikasies tussen KK-aanbeveling en NKR-registrasie

Onderwerp: Verifikasies

Kategorieë:

- Afskrifte van leerders
- Massaverifikasies

(IV) Rekords wat aangevra mag word [Afdelings 14(1)(d)]

Beskrywing van die vakke en kategorieë van rekords gehou deur SAKO wat aangevra kan word onderworpe aan hoofstuk 4, afdeling 34 (1) van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000.

Onderwerp: Menslike Hulpbronne

Kategorieë:

- Menslike hulpbron-beleide en -prosedures
- Werkverskaffingsrekords

Onderwerp: Finansies en Administrasie

Kategorieë:

- Beleide en prosedures
- Finansiële rekords en verslae

Onderwerp: SAKU-raad

Kategorieë:

- Besluite
- Gepubliseerde verslae
- Reëls van prosedures

(V)Die aansoekprosedures

'n Aansoeker of applikant sal toegang gegee word tot SAKU-rekords indien:

- Die aansoeker voldoen aan al die prosedurevereistes in die Wet wat verband hou met die aansoek om toegang tot daardie rekord; en
- Toegang tot daardie rekord geweier word op enige gronde vermeld in die *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, No. 2 van 2000*.

Aard van die aansoek:

- 'n Aansoeker moet die vorm gebruik wat in die Staatskoerant gedruk is [Aankondiging R187- 15 Februarie 2002] (Vorm A);
- Die aansoeker moet ook aandui of die aansoek is vir 'n kopie van die rekord en of hy/sy wil inkom en by die SAKO-kantore na die rekord(s) kyk;
- Of anders, as die rekord nie 'n dokument is nie, kan dit besigtig word in die aangevraagde vorm, waar moontlik [s 29(2)];
- Indien 'n persoon vra vir toegang in 'n bepaalde formaat, dan behoort hy/sy toegang te kry op die wyse waarop gevra is, tensy deur dit te doen op onregmatige wyse sou inmeng met die bestuur van SAKO, of die rekord beskadig, of inbreuk maak op 'n kopiereg wat nie aan SAKO behoort nie. Indien daar om praktiese redes nie toegang gegee kan word in die vereiste formaat nie, maar wel op 'n alternatiewe manier, moet die fooi bereken word volgens die manier waarop die aansoeker dit in die eerste plek aangevra het [s 29(3) en (4)];
- Indien, bykomend tot 'n skriftelike antwoord op hulle aansoek om die rekord, die aansoeker ingelig wil word oor die besluit op enige ander manier, bv. per telefoon, moet dit aangedui word [s 18(2)(e)];
- Indien 'n aansoeker die inligting namens iemand anders vra, moet die kapasiteit waarin die aansoek gedoen word, aangedui word [s 18(2)(f)];

- Indien ‘n aansoeker nie kan lees of skryf nie, of aan enige gestremdheid ly, kan hy/sy die aansoek vir die rekord mondeling maak. Die inligtingsbeampte moet dan die vorm namens sodanige aansoeker invul en vir hom/haar ‘n kopie gee [s 18(3)].

Daar is twee soorte fooie betaalbaar in terme van die *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting*, naamlik die aansoek- en toegangsfooi s22:

- ‘n Aansoeker wat toegang soek tot ‘n rekord wat persoonlike inligting oor hom-/haarself bevat, hoef nie die vereiste fooi te betaal nie. Alle ander aansoekers wat nie persoonlike aansoekers is nie, moet die vereiste fooi betaal;
- Die inligtingsbeampte moet die aansoeker (wat nie ‘n persoonlike aansoeker is nie) per kennisgewing verwittig dat hy/sy die voorgeskrewe fooi (indien enige) moet betaal voordat die aansoek verder geprosesseer word;
- Die vereiste fooi betaalbaar aan openbare liggame is R35. Die aansoeker mag, waar toepaslik, ‘n interne versoek rig, of ‘n aansoek by die hof teen die tender of betaling van die vereiste fooi;
- Nadat die inligtingsbeampte ‘n besluit geneem het op versoek van die aansoeker, moet die aansoeker op die wyse waarop die aansoek deur die aansoeker gemaak is, van sodanige besluit verwittig word;
- Indien die aansoek toegestaan word, moet ‘n verdere toegangsfooi vir die soektog, voorbereiding en vir enige tyd wat die voorgeskrewe ure om die rekord vir voorlegging te soek en voor te berei, betaal word.

E. Dienste beskikbaar en hoe om toegang daartoe te verkry

SAKO bied die volgende dienste aan die publiek:

- Die evaluering van buitelandse opvoedkundige kwalifikasies ten einde hulle Suid-Afrikaanse ekwivalensie te bepaal;
- Die Hulpbron- en Inligtingsentrum het boeke, aanlyn-databasisse, en ‘n oudiovisuele versameling, en dien as ‘n argief vir alle SAKO- en NKR-verwante publikasies;
- Die SAKO-webtuiste word ook by die Sentrum bestuur. Dit het inligting oor SAKO en die NKR, insluitend publikasies, beleidsdokumente en geregistreerde kwalifikasies en standaarde;
- Die Advokatuur, Kommunikasie en Ondersteuning (AKO) bied inligting oor SAKO en sy aktiwiteite, insluitend die ontwikkeling en bestuur van SAKO se kommunikasiestrategie;
- Die NKR se Adviesdiens verskaf inligting en advies oor kwalifikasies en

leerrigtings;

- Registrasie en Erkenning (*Registration and Recognition; DRR*) is verantwoordelik om aansoeke te evalueer en prosesseer vir die erkenning van professionele liggame en professionele aangewesenes;
- Verifikasiedienste van SAKO verskaf transkripsie van prestasies uit die Nasionale Leerderrekord-databasis aan beide individue, asook dienste aan die publiek en privaat sektor-organisasies;
- Die NLRD bevat inligting oor:
  - Kwalifikasies en gedeeltelike kwalifikasies wat op die NKR geregistreer is
  - Geakkrediteerde Assesseringsgehalte Vennote
  - Geakkrediteerde Onderwys- en Opleiding-voorsieners
  - Individuele leerders en hulle prestasies
  - Name van lede van die SAKO-raad, en bestuurders van
  - Geakkrediteerde Assesseringsgehalte Vennote, Onderwys- en Opleidingverskaffers.

Verdere inligting oor hierdie dienste kan verkry word van die SAKO-webtuiste (www.saqa.org.za). Navrae kan per e-pos gestuur word aan saqainfo@saqa.org.za of bel die hulpkantoor by 086 010 3188.

F. Rangskikking wat voorsiening maak vir openbare betrokkenheid in die formulering van beleid en beoefening van mag [Afdeling 14(1)(g)]

SAKO is verbind tot ‘n proses van openbare konsultasie in sy prosesse op die volgende maniere:

- Beleidsdokumente en kriteriadokumente word gepubliseer in die Staatskoerant vir openbare kommentaar voordat dit goedgekeur word;
- Konsulterende werkswinkels en konferensies word op ‘n gereelde basis gehou.

G. Regsmiddele beskikbaar indien daar nie aan die voorsienings van die *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting* voldoen word nie [Afdeling 14(1)(h)]

SAKO, as ‘n openbare liggaam wat ‘n openbare funksie uitvoer in terme van wetgewing (sien die definisie van “openbare liggaam” in afdeling 1 paragraaf (b) (i) van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting), het nie interne appèlprosedures nie. Die howe kan in sulke omstandighede waar daar geen voldoening aan die voorwaardes van hierdie Wet is nie, genader word.